# Hoofstuk van die dag: Handelinge 23

> *Die Sadduseërs ontken dat daar ’n opstanding uit die dood is en dat daar engele en geeste bestaan, maar die Fariseërs aanvaar wel albei hierdie dinge. (Hand 23:8)*

Paulus was ’n goed opgeleide Fariseër voordat hy tot bekering

gekom het. Die Fariseërs se siening oor die hiernamaals stem baie ooreen met hoe ons daaroor dink, in navolging van Jesus, wat in hierdie opsig by die Fariseërs aangesluit het. Die Sadduseërs, daarenteen, het nie in die bestaan van ’n hiernamaals geglo nie omdat daar niks daarvan in die eerste vyf boeke van Moses gestaan het nie. Die verwagting van ’n ewige lewe saam met God het eers in die Ballingskapstyd ontwikkel.
Vandag nog maak mense die fout om te dink dat iets nie so kan wees as dit nie in die Bybel staan nie. Die basiese denkfout lê daarin dat ons oor die wêreld met dít wat in Bybelse tye gedink is, gestop het. Daarom was dit destyds ’n krisis toe sterrekundiges ontdek het dat die aarde rond is, nie plat is nie, en om die son draai, nie andersom nie. Daarom gee mense eenvoudige antwoorde op ingewikkelde moderne vraagstukke wat nog nie in Bybelse tye daar was nie. Die Bybel sê niks daaroor nie, so dit kan nie. Punt ?


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026